Mei 2021 |

#INTEGRITASZA MONTHLY

INSPIRE AND INNOVATE

CiviNovus GROUP

Integriteit

Na ‘n heerlike kuier by ouma as kleuter het sy my op haar skoot getel en ‘n kort lewenslessie as padkos saamgegee. Sy het gesê: ”Onthou die Hemelse Vader gee vir elkeen van ons drie krygers om in waarheid te kan leef naamlik: Klikker (Integriteit); Weter (Hart); en Denker (Verstand). Hulle behoort mooi saam te werk, maar as jy twyfel, luister vir Klikker.”

Weter en Denker se funksionering en soms wanfunksionering het ek oor tyd, redelik begin begryp. Dit was egter eers veel later, met die hooimied episode dat Klikker se inhoud begin gestalte kry het. Nalatig, maar sonder enige kwade bedoelings of getuies veroorsaak ek dat ‘n hooimied aan die brand slaan. Pa doen navraaag maar almal is tjoepstil, ek inkluis. Na verloop keer rustigheid terug.
Donker, eensame nagte van worsteling en angs. Weter en Denker is eenparig in hulle listige advies: ”Laat gedane sake met rus.“ Klikker is glad nie tevrede en kyl my op. Dag drie wen Klikker en dit is tyd om te erken en aanspreeklikheid te aanvaar .

Pa , wyse man wat hy was, gee simboliese straf. Belangrik hy begelei my deur ‘n vertaling van Rudyard Kipling se gedig *If*. Veral die een strofe bly my by: “don’t deal in lies”. Oor jare het ek natuurlik besef, dikwels pynlik, dat die Integriteitskryger meer om die lyf het as wat ek aanvanklik gedink het .
Dit is nie net die aanklaer as ons jok is nie. Hier is vier van die vele eienskappe wat vir my uitstaan:

- Die standaard is hoog: Voortdurend teenwoordig as ons beginsels definieer wat die karakter moet uitleef. Dit dring aan op die waarheid, hoogste etiese waardes, norms en die prakties uitlewing daarvan. inspireer ons om op ons tone te staan om die “regte ding” te doen en het geen empatie vir wegkruip en verplaaste blaam nie. Dit vra moed en nederigheid van diegene wat dit hoog op prys stel.
- Betroubare kompas: Ongeag passaatwinde of storms integriteit is betroubaar en emosioneel onverstoorbaar vir grille en giere. In tye van ankerloosheid kan ons dit maar vergeet, wegwens,

onderdruk en verban. As die onweer egter dreig en ons nooi dit terug, is dit sonder verwyt en met grasie en gee eerlike advies oor die regte roete.

- Integriteit lei deur voorbeeld: ”Maak soos ek maak nie soos ek sê nie.” Integriteit besef dat optredes, taal en skrif dikwels instrumente van misleiding is. Dit verklaar die katastrofiese gevolge van narsistiese denke en eiewaan.
- Integriteit vertroos en beloon: Integriteit het tog ‘n sagte kant. Deur eerlikheid en aanspreeklikheid, bevoder dit individuele en kollektiewe geregtigheid, billikheid, skoon administrasie en eie waarde. Karakter word geslyp , gesinne funksioneer, weerloses word beskerm en besigheid gedy. Vertoue word herstel in verdagte politieke, wetenskaplike en tegnologiese prosesse. Waardigheid en ’n goeie reputasie opponeer dekadensie en korrupsie.

Die strewe na integriteit blyk ‘n wilsbesluit te wees en vereis stamina. Ons opstaan moet meer as ons val wees. Helaas is daar ‘n persepsie dat waarheid, veral in ‘n demokratiese konteks, tans in die wêreld veg om oorlewing. Waarheid gebaseer op bewese feite word bedreig deur ondeurdagte opinies en klakkelose napraat. Die tyd om die Integriteitskryger terug te bring is nou.

Skrywer:
Timo Louis Nieuwoudt
Assosiaat Essential Elements of Information
Besigheids en projekbestuur Konsultant
Mobile: +27 82 789 0226

Advertise here for R350 per month.

Afstandsonderrig vir Professionele 3-Dag Uitvoerende Kortkursusse

Die volgende 3-Dag Uitvoerende Kortkursusse is nou beskikbaar en gereed vir inskrywing en lewering deur middel van afstandsonderrig:

1. Mensgesentreerde Ontwerpdenke vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap

Hierdie 3-Dag uitvoerende kortkursus sluit al die fases van die ontwerpdenkeproses in, naamlik inspirasie, ideasie en implementering. Die ontwikkeling van empatie, kreatiewe, innoverende denke om sosiale probleme te omskep in sosiaal innoverende oplossings.

Human-centred Design Thinking for Social Innovation and Entrepreneurship aims to equip students with the competence required to engage with inspiration, ideation and implementation through empathy using innovative design thinking methods to find sustainable social solutions. The individual competencies are linked to institutional dimensions to concurrently enhance the institutional capacity of social businesses.

2. **Leierskap vir Sosiale Innovasie en Entrepreneurskap**

Hierdie 3-Dag uitvoerende kortkursus bou leierskapskennis en -vaardighede sowel as entrepreneurskapvaardighede vir leiers en entreperneurs. Besigheidsplanne word ontwikkel en vir volhoubare sosiale besighede getoets.

Leadership for Social Innovation and Entrepreneurship aims to equip students with the competence required to engage with social innovation through social entrepreneurship through the use of innovative leadership approaches.

The objective is to start and profitably sustain social organisations and businesses. The individual competencies are linked to institutional dimensions to concurrently enhance the institutional capacity of social organisations businesses.

3. **Mentorskap en Afrigting; Persoonlike Meesterskap; en Emosionele Intelligensie vir Sosiale Besigheid**

Hierdie 3-Dag uitvoerende kortkursus ontwikkel Emosionele Intelligensie (EI) en koppel dit aan mentorskap en afrigting. EI, mentorskap en afrigting lei tot persoonlike meesterskap en verbeterde organisatoriese prestasie.

Mentoring and Coaching, Personal Mastery and Emotional Intelligence for Social Business aims to equip students with the competence to handle themselves and others with the help of personal mastery, emotional intelligence, mentoring and coaching practices to sustain social businesses.

Die kursusse word professioneel aangebied deur kundige en ervare akademici met praktykervarings.

Die kursusse kombineer ‘n rigtinggewende selfstudiegids wat interaktief, insiggewend en pret is en afgelewer deur ZOOM.

Die koste per 3-Dag kursus is slegs R 2 999.00 per deelnememer

Kandidate wat die assesseringsvereistes behaal, verwerf ‘n Sertifikaat toegeken deur Hugenote Kollege.

Die kursuswerk is ongeveer 90 uur van studie. Ongeveer 65% van die studietyd is tuis selfstudiewerk in die deelnemer se eie tyd en 35% van die studietyd gebeur via ZOOM en ander digitale media soos MyNotes.

Stel u belang, kontak asseblief vir Ulrike Hanekom of Erwin Schwella by:

ulrike@civinovus.co.za of deanssi@hugenote.co.za of academyssi@hugenote.com